

25 Augustus

**Skrifgedeelte: Psalm 109
Fokusgedeelte: Psalm 109:4**

Wat gaan jy vandag doen met jou vyande?

Ons kry dikwels in ons lewe te doen met ander mense wat ons voortdurend probeer benadeel. Moontlik is daar iemand in jou werksituasie of dalk `n ander kennis of familielid waaroor jy wil uitroep: “Die persoon het werklik iets teen my – hy haat my!” Valse stories word dalk oor jou versprei om jou in `n swak lig te stel. Jy voel jaloesie en verwerping aan. Jy word uitgewerk en benadeel wanneer daar geleenthede vir bevordering is. Jou beste pogings word afgemaak as onbenullig of swak.

Hoe nou gemaak? Moenie jou vyand op dieselfde manier behandel as waarmee hy teenoor jou optree nie. Beantwoord sy haat met liefde, sodat jy saam met Dawid kan sê: “My liefde beantwoord hulle met vyandskap” (vers 4). Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Doen goed aan die wat jou verag en benadeel. Beantwoord hulle vervloekings met `n liefdevolle seënwens (Rom 12:14). En weet: wanneer jy só optree stap jy op die wonderlike voetspore van Christus van wie die apostel Petrus skryf: “Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel” (1 Pet 2:23).

Soek God in groot vertrouwe op wanneer die teëstanders jou lewe bitter maak. Bid vir jou vyande! Bid dat God hulle harte sal nuut maak. Bid dat die Here aan jou geduld en wysheid sal gee te midde van jou teëstanders. Laat die oordeel oor jou vyande oor aan die alwyse, alwetende en regverdige God. Oorwin vandag die kwaad deur die goeie!

Sing: Skrifberyming 6:1

Ds L du P van der Vyver (Silverton)